# SUPER FELIX

BY PHOEBE MORRIS



Vertaal deur Vernon Vermeulen

© Phoebe Morris 2020

Dit was net 'n gewone Dinsdag toe Felix se onderwyser gesê het: 'Môre gaan ons skool sluit vir 'n maand.'

Sy het gesê dat daar 'n nuwe virus is wat baie mense siek maak. 'n Virus is 'n biejie soos 'n verkoue of griep.

'Ons sal almal vir 'n rukkie by die huis moet bly sodat ons dit nie kry of ander mense aansteek nie.'




‘Beteken dit dat die skool vir altyd gesluit gaan wees?’ het Jeremy gevra.

‘Ek het gehoor dat die virus gekom het van wilde vlêrmuise wat die mense geëet het!’ het Caitlin uitgeroep.

‘My broer het gesê dat die virus ‘n groot spykerige slymerige bal is,’ het Sina gesê. ‘Hy het dit op die nuus gesien.’

Felix het niks gesê nie.





Felix wou nie 'n groot, spykerige slymerige bal vol wilde vlêrmuise wat hom siek sou maak, gehad het nie.

Toe die klok gelui het, het hy so vinnig as wat hy kon die hele pad huis toe gehardloop. Hy het nie eens sy vriende gegroet nie.





Toe hy by die huis gekom het, het Felix op sy pa se skoot geklim.

'Moenie bekommerd wees our wat die ander kinders sê nie,' het sy pa gesê.'

Hy het verduidelik dat die nuwe virus maklik is om te kry en daarom moet ons net vreeslik baie versigtig wees.

'As ons by die huis bly, ons hande was en weg bly van ander mense, sal daar nie so baie mense siek word nie,' het sy pa gesê. 'Dit sal dit makliker maak vir die verpleegsters en dokters om almal te versorg.

Die Eerste Minister het van die virus gepraat.

‘Ons moet almal by die huis bly, ons hande was en wegbly van ander mense,’ het sy gesê.

‘Deur hierdie stappe te volg vir ‘n kort rukkie, sal julle LEWENS SPAAR.’



'LEWENS SPAAR,' het Felix gefluister,
'beteken dit dat as ek by die huis bly...'



'...en my hande was, veral as ek nies of hoes...'



'...en wegbly van ander mense en hulle troeteldiere wat nie deel is van ons gesin nie...'





'...sal ek LEWENS SPAAR soos 'n SUPER HELD?'



'KAPLAKS! Ek sorg dat Ouma en Oupa veilig is!' het Felix gesê.

'DOEF-DOEF! Ek beskerm my vriende en my buurt, ek is...

'Super Felix!'





'Gaan voort Super Felix!' het Ma gesê. 'Ons sal almal Super Helde moet wees vir 'n rukkie.'

ZOEM! Dit was Ma se beurt om na die supermark te gaan. Super Felix het vir Super Ma 'n ekstra masker gegee vir haar taak.



Super Felix het gelukkig gevoel om veilig saam met sy gesin in hulle huis te wees.

Hy het gedink aan al die Super Helde reg deur die wêreld wat lewens red en help om die wêreld aan die gang te hou.

Daar was Super Verpleegsters en Super Dokters, Super Posmense en Super Eerste Ministers - en selfs Super Kinders net soos hy.



KAPLAKS, KLANG, DOEF-DOEF!
Super Felix was nie meer bang vir die virus nie.

'Dit kan maar moeilik wees om 'n Super Held te wees,' het Super Felix gedink. 'Maar wie het gesê dat dit maklik gaan wees om te help?'



Binnenkort sal alles weer normaal wees. Maar tot dan sal ons almal 'n bietjie SUPER moet wees.



# Super Held Kontrolelys

Die virus in hierdie storie is 'COVID-19'. Dit is 'n nuwe virus waarvan ons nog steeds baie leer. Dokters en wetenskaplikes werk hard om 'n kuur te vind. Felix bly in Nieu-Seeland. Hier volg 'n paar wenke wat hy geleer het om te doen:



- [ ] Bly by die huis as dit verwag  word. As jy toegelaat word om te gaan stap saam met jou gesin, moenie te ver loop van die huis af of speel in die speelgrond nie.

- [ ] Was jou hande gereeld super vreeslik baie goed. Dit beteken om seep en warm water te gebruik vir 20 sekondes. As dit   vervelig raak om tot 20 te tel, dink aan 'n liedjie om te sing terwyl jy hulle was. Doen dit voordat jy eet, wanneer jy hoes, nies, jou neus snuit of buitekant toe gaan.

- [ ] As jy 'n verkoue kry, probeer om in jou elmboog te nies of hoes, nie in jou hande nie. At-sjie! At-sjoe! Jy kan by die huis oefen.

- [ ] Bly 'n veilige afstand van mense en troeteldiere wat nie saam met julle in julle huis woon nie. 'n Veilige afstand is omtrent twee meter. Kan jy iets in jou huis kry wat twee meter lank is om te sien hoe ver twee meter is? Miskien is dit die rusbank of die eetkamer tafel.

- [ ] Onthou om vriendelik te wees. Jy kan steeds vir mense groet of waai wat jy buitekant die huis ontmoet. Volg altyd die instruksies van jou ouers, verpleegsters, dokters en leiers. Bly super! #teamsuperfelix

Geskep vir jou deur Phoebe Morris.

Vertaal deur Vernon Vermeulen

978-0-473-52157-8 (.EPUB)
978-0-473-52158-5 (.PDF)

© Phoebe Morris 2020. All rights reserved
phoebemorriscreative.com/superfelix

This book, or any portion thereof, may not be reproduced, sold, or distributed by any individual or group without the express permission of the author

This book is fictional and is in no way verified or affiliated with any other individual, group, organisation, or government agency

This book is not a medical resource. If you would like health advice about Covid-19, visit the W.H.O. website